

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA.

OFFISIËLE KOERANT



UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Monday 1 February 1971

WINDHOEK

Maandag 1 Februarie 1971

No. 3134

CONTENTS

INHOUD

Page/Bladsy

PROCLAMATIONS:

- No. 13 Municipality of Windhoek: Amendment of Conditions of Establishment, Pionierspark
- No. 14 Municipality of Swakopmund: Amendment of Conditions of Establishment, Tamariskia
- No. R343/70 (Republic) Application of the Registration of Pedigree Livestock Act, 1957 on South West Africa and Repeal of the Registration of Karakul Pedigrees Ordinance, 1932

PROKLAMASIES:

- Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Stigtingsvoorwaardes, Pionierspark 72
- Munisipaliteit Swakopmund: Wysiging van Stigtingsvoorwaardes, Tamariskia 72
- (Republiek) Toepassing van die Wet op die Registrasie van Stamboekvee, 1957 op Suidwes-Afrika en die Herroeping van die Ordonnansie van 1932 op die Registrasie van Karakoelstambome 73

GOVERNMENT NOTICES:

- No. 8 Municipality of Omaruru: Amendment of Health Regulations
- No. 8 Municipality of Omaruru: Amendment of Water Supply Regulations
- No. 9 Municipality of Keetmanshoop: Amendment of Electricity Supply Regulations
- No. 10 Municipality of Karasburg: Tariff of Fees for Services rendered
- No. R.38 (Republic) Regulations for the Harbours of the Republic of South Africa and of South West Africa
- No. R.65 (Republic) S.A. Pharmacy Board: Regulations relating to the Minimum Curriculum for a Degree in Pharmacy
- No. R.66 (Republic) S.A. Pharmacy Board: Regulations regarding the Degrees and Certificates entitling Holders to Registration as Chemists and druggists
- No. R.68 (Republic) Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928: Authorization of Veterinarians

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

- Munisipaliteit Omaruru: Wysiging van Gesondheidsregulasies 74
- Munisipaliteit Omaruru: Wysiging van Waterleweringsregulasies 76
- Munisipaliteit Keetmanshoop: Wysiging van Regulasies op Elektrisiteitsverskaffing 76
- Munisipaliteit Karasburg: Tarief van Gelde vir Dienste gelewer 76
- (Republiek) Regulasies vir die Hawsn van die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika 77
- (Republiek) S.A. Aptekerskommissie: Regulasies betreffende die Minimum Leergang vir 'n Graad in Farmasie 78
- (Republiek) S.A. Aptekerskommissie: Regulasies betreffende die Grade en Sertifikate wat Aptekers Reg gee op Registrasie 79
- (Republiek) Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers 1928: Magtiging van Veeartse 79

GENERAL NOTICES.

- No. 6 Private Game Reserve: Proposed Proclamation of — G. von Rohr
- No. 7 Private Game Reserve: Proposed Proclamation of — Dr. L. van Tonder
- No. 8 Private Game Reserve: Proposed Proclamation of — K. Stoermer
- No. 9 Private Game Reserve: Proposed Proclamation of — G. J. Koekemoer
- No. 10 Private Game Reserve: Proposed Proclamation of — E. P. Blaauw
- No. R.42 (Republic) Building Societies Return — November 1970

ALGEMENE KENNISGEWINGS:

- Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van — G. von Rohr 81
- Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van — Dr. L. van Tonder 81
- Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van — K. Stoermer 82
- Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van G. J. Koekemoer 82
- Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van — E. P. Blaauw 82
- (Republiek) Bouverenigingsopgawe — November 1970 83

ADVERTISEMENTS.

ADVERTENSIES. 84

PROCLAMATIONS

BY THE HONOURABLE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 13 of 1971]

MUNICIPALITY OF WINDHOEK:

AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT, PIONIERSPARK.

Under and by virtue of the powers in me vested by Section 31A (2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) as amended, I do hereby declare that the Schedule of Proclamation 15 of 1968 shall be amended as follows:

- (a) By inserting in section (4)(2) the figures, "281, 283" after the figure "279".
- (b) By inserting in section (4)(4) the figures "281, 283" after the figure "279".
- (c) By substituting in section (4)(7) the figures "280, 282" for the figures "280 — 283".
- (d) By substituting for section (4)(7)(a)(ii) the following new paragraph: "The ground floor of the main buildings may be used for business purposes only and flats may not be provided together with offices on the same floor."
- (e) By substituting for the words "and purposes incidental thereto" in section (4)(11)(a) the following words: "and/or flat rights".
- (f) By deleting the words "and for purposes incidental thereto" in section (4)(12)(a) and inserting the words "and flat rights" after the words "hotel business".

Given under my hand and seal in Swakopmund on this the 13th day of January 1971.

J.G.H. VAN DER WATH
Administrator.

No. 14 of 1971]

MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND:

AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT, TAMARISKIA.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 31A(2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) as amended I do

PROKLAMASIES

DEUR SY EDELE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 13 van 1971]

MUNISIPALITEIT WINDHOEK:

WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES, PIONIERSPARK.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 31A (2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) soos gewysig verklaar ek hierby dat die Bylae van Proklamasie 15 van 1968 soos volg gewysig word:

- (a) Deur in artikel (4)(2) die syfers, „281, 283” na die syfer „279” in te voeg.
- (b) Deur in artikel (4)(4) die syfers „281, 283” na die syfer „279” in te voeg.
- (c) Deur in artikel (4)(7) die syfers „280 — 283” te vervang deur die syfers „280, 282”.
- (d) Deur artikel (4)(7)(a)(ii) te vervang deur die volgende nuwe paragraaf „Die grondverdieping van die hoofgeboue mag slegs vir besigheid gebruik word en woonstelle mag nie op dieselfde verdieping tesame met kantore voorsien word nie.”
- (e) Deur die woorde „en verwante doeleindes” in artikel (4)(11)(a) deur die volgende woorde te vervang: „en/of woonstelregte”.
- (f) Deur die woorde „en vir verwante doeleindes” in artikel (4)(12)(a) te skrap en die woorde „en woonsteldoeleindes” na die woord „hotelbesigheid” in te voeg.

Gegee onder my hand en seël in Swakopmund op hierdie die 13de dag van Januarie 1971.

J.G.H. VAN DER WATH
Administrateur.

No. 14 van 1971]

MUNISIPALITEIT SWAKOPMUND:

WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES, TAMARISKIA.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 31A (2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) soos gewysig verklaar

hereby declare that the schedule of Proclamation 18 of 1965 shall be amended by:

- (a) the insertion after the figure "130" in paragraph 5(b) of the figures and word "23, 47, 84, 89, 90, 91 and 94".
- (b) the deletion of paragraphs 5(h); 5(l); 5(m); 5(n); 5(o); 5(p) and 5(s);
- (c) the deletion of the figures "84 — 90" in paragraph 5(t) and the substitution therefore of the figures "85 to 88";
- (d) the insertion after the figure "90" in paragraph 5(u) of the figures and word "23, 47, 91, 94, 129 and 130"; and
- (e) the renumbering of paragraphs 5(i); 5(j); 5(k); 5(q); 5(r); 5(t); 5(u) and 5(v) to 5(h) — 5(o).

Given under my hand and seal in Swakopmund on this the 8th day of January 1971.

J.G.H. VAN DER WATH
Administrator.

ek hierby dat die Bylae van Proklamasie 18 van 1965 gewysig word deur:

- (a) die invoeging van die syfers en woord „23, 47, 84, 89, 90, 91 en 94” na die syfer „130” in paragraaf 5(b);
- (b) die skraping van paragrawe 5(h); 5(l); 5(m); 5(n); 5(o); 5(p) en 5(s);
- (c) die skraping van die syfers „84 — 90” in paragraaf 5(t) en die vervanging daarvan deur die syfers 85 — 88;
- (d) die invoeging van die syfers en woord „23, 47, 91, 94, 129 en 130” na die syfer „90” in paragraaf 5(u); en
- (e) die hernoemering van paragrawe 5(i); 5(j); 5(k); 5(q); 5(r); 5(t); 5(u) en 5(v) tot 5(h) — 5(o).

Gegee onder my hand en seël in Swakopmund op hierdie die 8ste dag van Januarie 1971.

J.G.H. VAN DER WATH
Administrateur.

PROCLAMATION

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. 343, 1970 (Republic).]

APPLICATION OF THE REGISTRATION OF PEDIGREE LIVESTOCK ACT, 1957 ON SOUTH-WEST AFRICA AND REPEAL OF THE REGISTRATION OF KARAKUL PEDIGREES ORDINANCE, 1932

Under the powers vested in me by section 20 of the South-West Africa Affairs Act, 1969 (Act 25 of 1969), I do hereby declare that—

- (a) the provisions of the Registration of Pedigree Livestock Act, 1957 (Act 28 of 1957), shall be applicable to South-West Africa as from 4 January 1971; and
- (b) I repeal, with effect from 4 January 1971 the Registration of Karakul Pedigrees Ordinance, 1932 (Ordinance 11 of 1932).

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Second day of December, One thousand Nine hundred and Seventy.

J.J. FOUCHÉ, State President.
By Order of the State President-in-Council:

D.C.H. UYS.

PROKLAMASIE

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. 343, 1970 (Republiek).]

TOEPASSING VAN DIE WET OP DIE REGISTRASIE VAN STAMBOEKVEE, 1957 OP SUIDWES-AFRIKA EN HERROEPING VAN DIE ORDONNANSIE VAN 1932 OP DIE REGISTRASIE VAN KARAKOEL-STAMBOME

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 20 van die Wet op Aangeleenthede met betrekking tot Suidwes-Afrika, 1969 (Wet 25 van 1969), verklaar ek hierby dat—

- (a) die bepalings van die Wet op die Registrasie van stamboekvee, 1957 (Wet 28 van 1957) vanaf 4 Januarie 1971 op Suidwes-Afrika van toepassing is; en
- (b) ek die Ordonnansie van 1932 op die Registrasie van Karakoelstambome, (Ordonnansie 11 van 1932), herroep met ingang van 4 Januarie 1971.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Tweede dag van Desember Eenduisend Negehonderd-en-sewentig.

J.J. FOUCHÉ, Staatspresident.
Op las van die Staatspresident-in-rade:

D.C.H. UYS.

Government Notices.

Goewermentskennisgewings.

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 7]

[1 February 1971

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 243 read with section 274 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following amendments to the regulations promulgated under Government Notice 23 of 1955, applied to the Municipality of Omaruru by Government Notice 76 of 1956 and amended by Government Notices 253 of 1956, 216 of 1964, 21 and 122 of 1968.

MUNICIPALITY OF OMARURU.

AMENDMENT OF HEALTH REGULATIONS.

1. CHAPTER IV: SANITARY SERVICES.

Renumber regulation 6 6.1 and insert the following regulation 6.2:

"6.2 The Council may, by resolution, compel the owner of any occupied premises within the municipal area, to replace existing closets, pail closets, pit privies, urinoirs, receptacles for slop-water, septic tank and filter installations, french drains or similar drainage systems, above-ground and underground irrigation systems, chemical or combustion or any other similar closets with impermeable underground conservancy tanks with a minimum capacity of 1,000 gallons per tank and together with all relevant connections for the removal of slop, waste or sewerage water with the Council's sewerage tanker service within six months after having served a notice to that effect upon such owner.

Should the Council find that any underground conservancy tank leaks or that it is not watertight or that it is not of sufficient size, the Council may instruct the owner thereof by serving a written notice upon him to make such tank watertight or to enlarge such tank or to provide one or more additional underground conservancy tanks within the period mentioned in the notice: Provided that should the owner fail to comply with the provisions of this regulation, the Council may undertake all the works relevant to this regulation without the owners prior permission and the Council shall have the right to recover all expenditure relevant to such works from the owner: Provided further that the owner, failing to comply with the provisions of this regulation, shall be compelled to pay

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 7]

[1 Februarie 1971

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 gelees met artikel 274 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysigings van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 23 van 1955, van toepassing gemaak op die Munisipaliteit van Omaruru by Goewermentskennisgewing 76 van 1956 en gewysig by Goewermentskennisgewings 253 van 1956, 216 van 1964, 21 en 122 van 1968.

MUNISIPALITEIT VAN OMARURU.

WYSIGING VAN GESONDHEIDSREGULASIES.

1. HOOFSTUK IV: SANITASIEDIENSTE.

Hernommer regulasie 6 6.1 en voeg die volgende regulasie 6.2. in:

„6.2. Die Raad kan by besluit die eienaar van enige besette perseel binne die munisipale gebied verplig om binne 6 maande nadat 'n kennisgewing in verband daarmee aan die eienaar bestel is, bestaande sekrete, emmergemakshuisies, putlatrines, urinoirs, vergaarbakke vir spoelwater, rotingsriool- en filtreerinrigtings, stapelriole of soortgelyke dreineringsstelsels, bo- en ondergrondse besproeiingsstelsels, chemiese of verbrandings- of enige ander soortgelyke klosette te vervang deur waterdigte ondergrondse opgaartenks met 'n minimum inhoudsvermoeë van 1,000 gellings per tenk en met alle toepaslike aansluitings vir die wegdoen van spoel-, was- of rioolwater met die Raad se riooltenkwadiens.

Indien die Raad vasstel dat enige ondergrondse opgaartenk lek of nie waterdig is nie, of nie van voldoende grootte is nie, kan die Raad die eienaar daarvan opdrag gee deur 'n skriftelike kennisgewing aan hom te bestel om sodanige tenk algeheel ten genoë van die Raad en binne die tydperk in die kennisgewing vermeld, waterdig te maak of te vergroot of een of meer bykomende ondergrondse opgaartenks te voorsien: Met dien verstande dat indien die eienaar versuim om aan die bepalings van hierdie regulasie te voldoen, die Raad alle werke wat in verband met hierdie regulasie staan, kan onderneem sonder die eienaar se voorafgaande toestemming en dat die Raad die reg het om alle uitgawes verbonde aan sodanige werk op die eienaar te verhaal: Met dien verstande voorts dat die eienaar by versuim om aan die bepalings van hierdie regulasie te voldoen, verplig is

to the Council the increased sanitation fees levied in terms of these regulations.

Any person who fails to comply with a notice in terms of this subregulation shall be guilty of an offence."

2. CHAPTER VI: REFUSE.

(a) Renumber regulation 1 1.1 and the following regulation 1.2:

"1.2 The Council may, by resolution, determine the minimum number of approved receptacles which shall be supplied by the occupier or owner or lessee of an erf, business or any other premises whether domestic and/or other refuse is removed by such occupier, owner or lessee or not.

No domestic refuse presented for removal in a receptacle other than an approved type of receptacle, shall be removed by the Council."

(b) Substitute the word "twice" for the word "once" where it appears in the second line of regulation 5.

3. SANITATION FEES.

Substitute the following fees for those published under the heading "Sanitary Fees":

1. For the removal of —

1.1 nightsoil and urine, three times a week: R2.00 per bucket per month or part of a month in the case of temporary services to building contractors, construction camps and similar temporary quarters, camps, buildings or construction works: Provided that this tariff applies with regard to existing government buildings which will be replaced by new buildings within a period of two years from date of commencement of this tariff;

1.2 nightsoil and urine, three times a week: R8.00 per bucket per month or part of a month in the case of an owner who fails to provide proper drainage with conservancy tanks on his erf in terms of the provisions of regulation 6.2 of Chapter IV;

1.3 household refuse, once a week: R0.70 per receptacle per month or part of a month;

1.4 slopwater and contents of conservancy tanks: R1.50 per 1,000 gallons or part thereof;

1.5 garden refuse: R0.75 per load or part thereof with a minimum tariff of R0.75.

2. Septic tanks and filter installations or similar drainage systems including french drains, surface and underground irrigation systems, chemical or combustion closets and pit privies:

A fixed levy of R5 per site per month or part of a month for so long as the relevant drainage system is in use should an owner fail to provide proper drainage with conservancy tanks on his erf in terms of the provisions of regulation 6.2 of Chapter IV."

om die verhoogde sanitasiegelde wat ingevolge hierdie regulasies gehef word aan die Raad te betaal.

Enigiemand wat versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing ingevolge hierdie subregulasie is skuldig aan 'n oortreding."

2. HOOFSTUK VI: VULLIS.

(a) Hernommer regulasie 1 1.1 en voeg die volgende regulasie 1.2 in:

„1.2 Die Raad kan by besluit die minimum getal goedgekeurde houers bepaal wat deur 'n bewoner of eienaar of huurder van 'n erf, besigheid of enige ander perseel of gebou voorsien moet word ongeag of huis- en of ander vullis deur sodanige bewoner, eienaar of huurder self verwyder word al dan nie. Geen huisvullis wat vir verwydering aangebied word in 'n houer anders as 'n goedgekeurde tipe houer word deur die Raad verwyder nie."

(b) Vervang die woord „twee" deur die woord „een" waar dit voorkom in die eerste reël van paragraaf 5.

3. SANITASIEGELDE.

Vervang die tariewe afgekondig onder die opskrif „Sanitasiegelde" deur die volgende:

1. Vir die verwydering van—

1.1 nagvuil en urine, drie keer per week: R2.00 per emmer per maand of 'n gedeelte van 'n maand in die geval van tydelike dienste aan boukontraakteurs, konstruksiekampe en soortgelyke tydelike instansies, kampe, geboue of konstruksiewerke: Met dien verstande dat hierdie tarief geld ten opsigte van bestaande regeringsgeboue wat binne 'n tydperk van twee jaar vanaf datum van inwerking-treding van hierdie tarief deur nuwe geboue vervang sal word:

1.2 nagvuil en urine, drie keer per week: R8.00 per emmer per maand of 'n gedeelte van 'n maand in die geval van 'n eienaar wat versuim om behoorlike dreinerings met opgaartenks op sy erf te voorsien ooreenkomstig die bepalings van regulasie 6.2 van Hoofstuk IV;

1.3 huisvullis, een keer per week: R0.70 per houer per maand of 'n gedeelte van 'n maand;

1.4 vuilwater en inhoud van opgaartenks: R1.50 per 1,000 gellings of gedeelte daarvan;

1.5 tuinvullis: R0.75 per vrag of gedeelte daarvan met 'n minimum tarief van R0.75.

2. Rottingsriool- en filtreerinrigtings of soortgelyke dreineringsstelsels met die insluiting van stapelriole, bo- en ondergrondse besproeiingsstelsels, chemiese of verbrandingsklosette en putlatrines:

'n Vaste heffing van R5 per perseel per maand of 'n gedeelte van 'n maand vir solank die betrokke dreineringsstelsel in gebruik is indien 'n eienaar versuim om behoorlike dreinerings met opgaartenks op sy erf te voorsien ooreenkomstig die bepalings van regulasie 6.2 van Hoofstuk IV."

No. 8]

[1 February 1971

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 243 read with section 274 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following amendment of the regulations published under Government Notice 161 of 1931, as amended by Government Notices 286 of 1950, 247 of 1954, 2 and 219 of 1961, 214 of 1964, 124 of 1968 and 121 of 1970.

MUNICIPALITY OF OMARURU.

AMENDMENT OF WATER SUPPLY REGULATIONS.

Insert the following tariffs after tariff 13 of Schedule B:

"14. Any water connection which is intended exclusively for fire fighting purposes and utilised as such, will not be fitted with a meter and the cost of such connection will be the actual cost of all material and labour plus 10%.

15. The cost of any water connection in excess of $\frac{3}{4}$ " diameter will be determined as follows:

50% of the total actual cost of the meter, material and labour."

No. 9]

[1 February 1971

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 243 read with section 274 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following amendment of the regulations published under Government Notice 158 of 1927, as amended by Government Notices 133 of 1928, 489 of 1951, 241 of 1953, 275 of 1956, 79 and 329 of 1957, 144 of 1958, 104 of 1960, 108 of 1966, 138 of 1967 and 120 and 186 of 1968.

MUNICIPALITY OF KEETMANSHOOP.

AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS.

Insert the following subparagraph after subparagraph (i) of Tariff G:

"(j) For the inspection of the wiring on any premises and the issue of a certificate of suitability of such wiring at the request of the owner or any other person, R5.00 for each separate inspection, including the issue of such certificate of suitability."

No. 10]

[1 February 1971

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 166 (5) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following regulations.

MUNICIPALITY OF KARASBURG.

TARIFF OF FEES FOR SERVICES RENDERED.

1. All words and expressions in these regulations shall have the same meaning as that given them in the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963).

2. The tariff of fees payable to the Municipality of Karasburg for furnishing any information from its registers or the search of any of the Council's registers for

No. 8]

[1 Februarie 1971

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 gelees met artikel 274 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 161 van 1931, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 286 van 1950, 247 van 1954, 2 en 219 van 1961, 214 van 1964, 124 van 1968 en 121 van 1970.

MUNISIPALITEIT VAN OMARURU.

WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGS-REGULASIES.

Voeg die volgende tariewe by na tarief 13 van bylae B:

„14. Enige wateraansluiting wat uitsluitlik vir brandbestrydingsdoeleindes bedoel is en as sodanig benut word, word nie van 'n meter voorsien nie en die koste van sodanige aansluiting sal die werklike koste van alle materiaal en arbeid plus 10% wees.

15. Die koste van enige wateraansluiting groter as $\frac{3}{4}$ " in deursnee word soos volg bepaal:

50% van die totale werklike koste van die meter, materiaal en arbeid."

No. 9]

[1 Februarie 1971

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 gelees met artikel 274 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 158 van 1927, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 133 van 1928, 489 van 1951, 241 van 1953, 275 van 1956, 79 en 329 van 1957, 144 van 1958, 104 van 1960, 108 van 1966, 138 van 1967 en 120 en 186 van 1968.

MUNISIPALITEIT VAN KEETMANSHOOP.

WYSIGING VAN REGULASIES OP ELEKTRISITEITSVERSKAFFING.

Voeg die volgende subparagraaf by na subparagraaf (i) van Tarief G:

„(j) Vir die inspeksie van die bedrading op enige perseel en die uitreiking van 'n geskikheidsertifikaat in verband met sodanige bedrading op versoek van die eenaar of 'n ander persoon, R5.00 per elke afsonderlike inspeksie, insluitende die uitreiking van sodanige sertifikaat van geskiktheid."

No. 10]

[1 Februarie 1971

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 166 (5) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande regulasies goed te keur:

MUNISIPALITEIT VAN KARASBURG.

TARIEF VAN GELDE VIR DIENSTE GELEWER.

1. Alle woorde en uitdrukkings in hierdie regulasies het dieselfde betekenis as wat daaraan gegee word in die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963).

2. Die tarief van gelde betaalbaar aan die Munisipaliteit van Karasburg vir verstrekking van enige inligting uit sy registers of die deursoek van enige van die raad

information or the issue of any certificate containing such information shall be as follows:

- (a) For the search of any index of any account not recorded in the service register R0.50
- (b) For the search of any index of any account in a service register (water, sanitation, incidental debts, etc.) R0.25
- (c) For inspection of any deed, document, diagram, etc. or details relating thereto R0.50
- (d) For the issue of any valuation certificate or a certificate of outstanding debts against any property R0.25
- (e) For the tracing of any other information not mentioned under (a), (b) and (c) per hour or part of an hour R2.00

se registers vir inligting of die uitreik van enige serti-fikaat bevattende sodanige inligting is soos volg:

- (a) Vir die deursoek van enige inhoudsopgawe van enige rekening wat nie in 'n diens register aangeteken is nie R0.50
- (b) Vir die deursoek van enige inhoudsopgawe van enige rekening in 'n diensregister (water, sanitasie, diverse skulde, ens.) R0.25
- (c) Vir insae in enige akte, dokument, plan, ens., of besonderhede daarvan R0.50
- (d) Vir die uitreik van enige waardasieser-tifikaat of 'n sertifikaat van uitstaande gelde teen enige eiendom R0.25
- (e) Vir die naspoor van enige ander inligting nie onder (a), (b) of (c) vermeld nie per uur of gedeelte van 'n uur R2.00

No. R. 38 (Republic.)]

[8 January 1971

REGULATIONS FOR THE HARBOURS OF THE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND OF
SOUTH WEST AFRICA.

The State President has been pleased in terms of Section 3 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act No. 70 of 1957), to approve of the following amendments to the Regulations for the Harbours of the Republic of South Africa and of South West Africa published under Govern-ment Notice No. R.290 of 2nd March, 1962:

REGULATION NO. 168, PART A.

Paragraph (18).

By the substitution in subparagraph (1), for the words "All flexible hoses used in cargo handling and unkering operations shall be of the electrically con-ducting type and shall have all metallic armouring con- tinuous and securely bonded to the flanges. The hoses shall be tested as follows:—" of the words

"All flexible hoses used in cargo handling and bunkering operations may be either of the electrical conducting or non-conducting type but shall comply with the requirements indicated in paragraph (29). The non-conducting type of hose shall be painted white. The hoses shall be tested as follows:—"

and by the addition of the following subparagraph:—

- "(c) All hoses shall be tested initially to ensure that they are either of the electrical con- ducting or non-conducting type and the Ad- ministration may at any time require elec- trical continuity tests to be undertaken on conducting types of hose."

Paragraph (29).

By the substitution for this paragraph of the fol- wing paragraph:

"To guard against the dangers of stray electric currents at discharge wharves, ships' discharge pipelines of the electrical conducting type carry- ing flammable liquids, shall be provided with one of the following two forms of insulation:—

- (a) Two insulated flanges in each continuous length of pipework, which flanges shall be separated by not less than 6 feet 7 inches.
- (b) One insulated flange in each continuous length of pipework, which flange shall be adequately protected and insulated externally to prevent

No. R. 38 (Republiek.)]

[8 Januarie 1971

REGULASIES VIR DIE HAWENS VAN DIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VAN
SUIDWES-AFRIKA

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens ar- tikel 3 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet No. 70 van 1957), goedkeuring te verleen aan die volgende wysigings van die Regulasies vir die Hawens van die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika, afgekondig by Goe- wermentskennisgewing No. R. 290 van 2 Maart 1962:

REGULASIE NO. 168, DEEL A.

Paragraaf (18).

Deur die woorde „Alle buigsame slange wat vir die hanteer van skeepsvrag en vir bunkerwerk gebruik word, moet van die elektriese geleitipe wees en alle metaal- pantsering moet deurlopend en behoorlik verbind wees aan die flense. Die slange moet soos volg getoets word:—" deur die woorde

„Alle buigsame slange wat vir die hanteer van skeepsvrag en vir bunkerwerk gebruik word, kan òf die elektriese geleitipe òf die nie-geleitipe wees maar moet aan die vereistes aangedui in paragraaf (29) voldoen. Die nie-geleitipe slang moet wit ge- verf wees. Die slange moet soos volg getoets word:—"

te vervang, en die volgende subparagraph in te voeg:

- „(c) Alle slange moet in die begin getoets word om seker te maak dat dit òf die elektriese geleitipe òf die nie-geleitipe is, en die Administrasie kan te eniger tyd eis dat elektriese kontinuïteitstoets op geleitipe slange toegepas word."

Paragraaf (29).

Deur hierdie paragraaf deur die volgende paragraaf te vervang:

„Ten einde teen die gevare van elektriese swerf- strome by ontskepingskaaie te waak, moet skeeps- ontskepingspypleidings van die elektriese geleitipe waarmee vlambare vloeistowwe vervoer word, met een van die volgende twee vorms van isolering toe- gerus wees:

- (a) Twee geïsoleerde flense in elke aaneenlopende stuk pypwerk, welke flense ten minste 6 voet 7 duim van mekaar moet wees.
- (b) Een geïsoleerde flens in elke aaneenlopende stuk pypwerk, welke flens voldoende beskerm en aan die buitekant geïsoleer moet wees om

inadvertent bridging of the flange by metallic contact.

A ship's discharge pipeline of the non-conducting type shall be in a single length without any intermediate metallic flanges, the hose being painted white and maintained in this condition."

No. R. 65 (Republic).]

[22 January 1971

SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD.

The State President has been pleased, under the powers vested in him by section 25 of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), as amended, read with section 94 of the said Act, and after considering a recommendation of the South African Pharmacy Board, to approve the following regulations relating to the minimum curriculum for a degree in Pharmacy:

REGULATIONS RELATING TO THE MINIMUM CURRICULUM FOR A DEGREE IN PHARMACY.

1. The following regulations shall apply to a candidate who commences his studies in pharmacy after 1 January 1970: Provided that —

- (a) a candidate who commenced his studies in pharmacy prior to that date may be required to complete his courses of study and training under the regulations in force prior to 1 January 1970;
- (b) no person shall be registered as a pharmacy student for the second or a subsequent year of study prior to 1 January 1971;
- (c) these regulations shall apply to all candidates after 1 January 1976.

2. The course of study leading to a degree in pharmacy shall extend over four years of full-time study at a university recognized for this purpose by the South African Pharmacy Board.

3. The curriculum for a degree in pharmacy shall include the following courses:

Botany
Chemistry I and II
Forensic Pharmacy (half-course)
Health Education (half-course)
Pharmaceutical Chemistry I and II
Pharmaceutics I, II and III
Pharmacognosy
Pharmacology I and II
Pharmacy Administration (half-course)
Physics
Physiology
Zoology.

4. No student shall be admitted to the second year of study unless he is in possession of a certificate of registration as a pharmacy student issued by the Board.

5. The examinations in each subject shall be conducted by at least two examiners, one of whom shall not have taken part in the teaching of the candidate in the subject.

6. The minimum marks which a candidate is required to obtain for a pass in an examination shall be 50%.

7. The Board shall have the right to depute a member of the Board to visit and report on the examinations held at the recognized universities and at the examination centres of the University of South Africa.

onopsetlike oorbrugging van die flens deur metaalkontak te voorkom.

'n Skeepsonskiepingspypleiding van die nie-geleitipe moet 'n enkel stuk sonder tussenmetaalflense wees wat wit geveer moet wees en in dié toestand gehou moet word."

No. R. 65 (Republiek).]

[22 Januarie 1971

SUID-AFRIKAANSE APTEKERSKOMMISSIE.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 25 van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), soos gewysig, gelees met artikel 94 van genoemde Wet, en na oorweging van 'n aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie, die volgende regulasies betreffende die minimum leergang vir 'n graad in die farmasie, goed te keur:

REGULASIES BETREFFENDE DIE MINIMUM LEERGANG VIR 'N GRAAD IN FARMASIE.

1. Die volgende regulasies is van toepassing op 'n kandidaat wat sy studies in farmasie na 1 Januarie 1970 begin: Met dien verstande dat —

- (a) daar van 'n kandidaat wat voor daardie datum sy studies in farmasie begin het, vereis kan word dat hy sy studiekursusse en opleiding kragtens die regulasies wat voor 1 Januarie 1970 van krag was, moet voltooi;
- (b) geen persoon as farmasiestudent in die tweede of 'n daaropvolgende studiejaar voor 1 Januarie 1971 geregistreer mag word nie;
- (c) hierdie regulasies na 1 Januarie 1976 op alle kandidate van toepassing is.

2. Die studiekursus vir 'n graad in farmasie strek oor vier jaar voltydse studie aan 'n universiteit wat vir hierdie doel deur die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie erken word.

3. Die leergang vir 'n graad in farmasie sluit die volgende kursusse in:

Chemie I en II
Dierkunde
Farmakognosie
Farmakologie I en II
Farmaseutiese Chemie I en II
Farmaseutika I, II en III
Farmasie-administrasie (halwe kursus)
Fisika
Fisiologie
Geregtelike Farmasie (halwe kursus)
Gesondheidsvoorligting (halwe kursus)
Plantkunde

4. Geen student mag tot die tweede studiejaar toegelaat word nie, tensy hy in besit is van 'n sertifikaat van registrasie as farmasiestudent deur die Kommissie uitgereik.

5. Die eksamens in elke vak word deur minstens twee eksaminatore afgeneem, van wie een nie aan die onderrig van die kandidaat in die vak deelgeneem het nie.

6. Die minimum punte wat 'n kandidaat moet behaal om in 'n eksamen te slaag, is 50%.

7. Die Kommissie is geregtig om 'n lid van die Kommissie af te vaardig om besoek af te lê by, en verslag te doen oor, die eksamens wat aan die erkende universiteite en in die eksamensentra van die Universiteit van Suid-Afrika gehou word.

8. No student who has obtained a registrable degree in pharmacy shall be registered as a chemist and druggist until —

(a) he has completed, to the satisfaction of the Board, a period of practical training prescribed by the Board in terms of section 25 (hA) of the Medical, Dental and Pharmacy Act (Act 13 of 1928), as amended; and

(b) he has attained the age of 21 years.

9. A university whose degree is recognized under section 22 of the Medical, Dental and Pharmacy Act and a university college which is recognized under section 25 of the said Act shall submit to the Board not later than 31 March in each year the names of all students enrolled for the second, third and fourth years of study in pharmacy.

8. Geen student wat 'n geregistreerbare graad in farmasie behaal het, mag as apteker geregistreer word nie voordat —

(a) hy tot tevredenheid van die Kommissie 'n tydperk van praktiese opleiding voltooi het soos deur die Kommissie voorgeskryf kragtens artikel 25 (hA) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers (Wet 13 van 1928), soos gewysig; en

(b) hy die ouderdom van 21 jaar bereik het.

9. 'n Universiteit wie se graad kragtens artikel 22 van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers erken word en 'n universiteitskollege wat kragtens artikel 25 van genoemde Wet erken word moet nie later nie as 31 Maart elke jaar die name van alle studente wat vir die tweede, derde en vierde studiejaar in farmasie ingeskryf is by die Kommissie indien.

No. R. 66 (Republic).]

[22 January 1971

SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD.

REGULATIONS REGARDING THE DEGREES AND CERTIFICATES ENTITLING HOLDERS TO REGISTRATION AS CHEMISTS AND DRUGGISTS.

The State President has been pleased, under the powers vested in him by section 22 of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), read with section 94 of the said Act, and after considering a recommendation by the South African Pharmacy Board, to amend the regulations regarding the degrees and certificates entitling holders to registration as chemists and druggists, published under Government Notice R.1991, dated 15 December 1966, as amended by Government Notices R.611, dated 5 May 1967, and R.1451, dated 23 August 1968, as follows:

(i) The addition of the following qualifications:

<i>Examining Authority</i>	<i>Qualification</i>	<i>Abbreviation for Registration</i>
Pharmaceutical Society of Great Britain	Chemist and Druggist*	C & D (Gt. Br.)
Pharmaceutical Society of Great Britain	Pharmaceutical Chemist*	Ph.C. (Gt. Br.)"

(ii) The addition of the following footnote:

"* When held by a person who qualified by examination in Great Britain at an institution recognized by the Pharmaceutical Society of Great Britain."

No. R. 66 (Republiek).]

[22 Januarie 1971

SUID-AFRIKAANSE APTEKERSKOMMISSIE.

REGULASIES BETREFFENDE DIE GRADE EN SERTIFIKATE WAT APTEKERS REG GEE OP REGISTRASIE.

Dit het die Staatspresident behaag om ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 22 van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), gelees met artikel 94 van genoemde Wet, en na oorweging van 'n aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie, die regulasies betreffende die grade en sertifikate wat die houters daarvan die reg gee op registrasie as aptekers, afgekondig by Goewermentskennisgewing R.1991 van 15 Desember 1966, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R.611 van 5 Mei 1967 en R.1451 van 23 Augustus 1968, soos volg te wysig:

(i) Die byvoeging van die volgende kwalifikasies:

<i>Eksameneroewerheid</i>	<i>Kwalifikasie</i>	<i>Afkorting vir registrasie</i>
„Farmaseutiese Vereniging van Groot-Brittanje	Apteker*	C & D (Gt. Br.)
Farmaseutiese Vereniging van Groot-Brittanje	Apteker*	Ph.C (Gt. Br.)"

(ii) Die byvoeging van die volgende voetnoot:

„* Wanneer in die besit van 'n persoon wat in Groot-Brittanje sy kwalifikasie deur 'n eksamen verwerf het aan 'n inrigting wat deur die Farmaseutiese Vereniging van Groot-Brittanje erken word."

No. 68]

[18 January 1971

AUTHORIZATION OF VETERINARIANS IN TERMS OF SECTION 89 OF THE MEDICAL, DENTAL AND PHARMACY ACT, 1928.

The Minister of Health in the exercise of the powers conferred on him by section 89 of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), has authorized the undermentioned veterinarians to import, purchase, acquire, keep, use, prescribe, order or supply poisons and habit-forming drugs in the course of their practice solely

No. 68]

[18 Januarie 1971

MAGTIGING VAN VEEARTSE KRAGTENS ARTIKEL 89 VAN DIE WET OP GENEESHHERE, TANDARTSE EN APTEKERS, 1928.

Die Minister van Gesondheid het in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), ondergenoemde veeartse gemagtig om vergifte en gewoontevormende medisyne in die loop van hul praktyk in te voer, te koop, aan te skaf, aan te hou, te

for the treatment of animals under their care and in accordance with the provisions of the Act.

1. Allin, Cordeux Vere Hubert, M.R.C.V.S., B.V.M.S., 153 Main Road, Rondebosch
2. Augustyn, Nicolas Jacobus, B.V.Sc., Porter School, Retreat
3. Bath, Gareth Francis, B.V.Sc., Box 42, Sea Park
4. Baxter, Richard Geoffrey, M.R.C.V.S., Box 3482, Port Elizabeth
5. Bohlken, Peter, B.V.Sc., 5 Ottawa Ave., Robindale Ext., Randburg
6. Button, Christopher, B.V.Sc., Box 30, Machadodorp
7. Catton, Denys Glynn, B.V.Sc., 23 Sturdee Ave., Rosebank, Johannesburg
8. Clark, Robert Cole, B.V.Sc., Box 1620, Johannesburg
9. Combrink, André, B.V.Sc., Box 102, Outjo, S.W.A.
10. Cullen, John Stephen Crawford, B.V.Sc., 149(a) Ben Viljoen Street, Pretoria North
11. Deane-Berrell, Alin Robin, B.V.Sc., 5 The Chevoits, Camps Bay
12. Delpont, Petrus Cornelis, B.V.Sc., Private Bag X927, Potchefstroom
13. Docker, Tom Mellor, M.R.C.V.S., 1 Rivett Street, Grahamstown
14. Enz, Hermann Hans, Dr. Med. Vet., Box 1, Sandown, Johannesburg
15. Freeman, David, B.V.Sc., 4 Rita Street, Observatory, Johannesburg
16. Gaigher, Gerald, B.V.Sc., Private Bag 513, Empangeni
17. Genis, Eduard Christiaan, Dr. Med. Vet., 41 Mackay Street, Blairgowrie, Johannesburg
18. Hay, Cheryl Myra Ethelwyn, B.V.Sc., P.O. Onderstepoort
19. Hiron, Charles, B.V.Sc., 5 Fullham Road, Camps Bay
20. Israelite, Roy Philip, B.V.Sc., 37 Sandler Rd., Fairmount, Johannesburg
21. Jordan, William Johnstone, M.R.C.V.S., P.O. Onderstepoort
